higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

(Tweede vraestel)

NKR VLAK 4

14 November 2023

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

LEERUITKOMS 3: SKRYF EN AANBIED

ALGEMEEN:

1. Assesseer die skryfstukke volgens die assesseringskale wat verskaf word.

2. Bestudeer en bespreek die assesseringskale baie deeglik.

3. As 'n onderwerp verkeerd vertolk is, word die kandidaat baie laag op inhoud aangeslaan.

4. Indien 'n skryfstuk grootliks uit die vraestel saamgeflans is of dele van opdragte uit vraestelle net so oorgeskryf is, sal die skryfstuk nie logies wees nie en die leerder ontvang dan geen punte nie. Die kommentaar sal wees: Nie eie werk nie. Indien dele van die skryfstuk wel die leerder se eie werk is, assesseer hierdie dele volgens die laagste kodes.

5. By skryfstukke wat te lank is: Lees tot by die afsnypunt en skryf dan "Lengte" ter verduideliking. By skryfstukke wat te kort is, penaliseer die kandidate hulself by die inhoud. Skryf weer die woord "Lengte" ter verduideliking.

Die volgende simbole/tekens kan by die nasien van skryfstukke gebruik word:

VERDUIDELIKING	SIMBOOL	BESKRYWING
Woordorde	(...)	Hakies
Taalfout	_____	Onderstreep die fout
Spelfout	=	Kort dubbele streep onder 'n woord
Woordkeuse	/	Haal met 'n streep deur
Woorde uit 'n ander taal	E/X/Z	Die letter bokant die woord
Tydfoute	T (in die kantlyn)	Hoofletter T
Woord(e) weggelaat	^	Weglaatteken
Paragraafindeling	//	Dubbele skuinsstreep
Herhaling	hh (in die kantlyn)	Dubbele hh
Onduidelik/Onverstaanbaar	∫	Kronkelstreep
Uit vraestel saamgeflans	Vr (in die kantlyn)	Hoofletter V kleinletter r
Punktuasie	○	Sirkel

AFDELING A: KORTER EN INTERMEDIÊRE TEKSTE

VRAAG 1.1: AANSOEKBRIEF (DEKBRIEF)

- Die brief vergesel 'n aansoek om 'n betrekking.
- Die taal, styl, toon en register is formeel.
- Die briefinhoud moet pas by wat in die advertensie verlang word.

✓ DUI INHOUD AAN
X DUI FORMAAT AAN

INHOUD (10):
✓ Punte word vir inligting verskaf toegeken soos met (✓) aangedui.
✓ Inhoud moet in volsinne geskryf word en paragrawe moet gestruktureerd wees.
✓ 150–180 woorde

FORMAAT (4):
× Word negatief nagesien.
× Adres soos in toepaslike situasie verskaf.
× Aangedui met (X).
× Vir elke fout word 1 punt afgetrek tot 'n maksimum van 4.
× Dui fout met X op antwoordstel aan.
× Geen Engels, behalwe amptelike Engelse name, bv. Mandela Square, word aanvaar nie.
× Die woord "Straat" mag nou alleen staan nie, bv. Wessels Straat X.
× Voorbeelde van adres:

Kerkstraat 1 Pleknaam Kode	Posbus 88 Pleknaam Kode	Huis 343 Pleknaam Kode	Plot 44 Pleknaam Kode	Debrahof Pleknaam Kode

× Geen leestekens in adres, aanhef of slot nie.
× Reël tussen paragrawe oopgelaat.

TAAL EN STYL (6)
× Gepaste styl, toon en register.
× Sien volgens die assesseringskaal op bladsy 5 na.

AANDUI VAN PUNTE:

I = punt uit 10:
F = punt uit 4:
T/S = punt uit 6:

I = 10
F = 3
T/S = 4
17/20

OF

I	F	T/S	Totaal
10	**4**	**6**	**20**
10	3	4	17

VOORBEELD

Kerkstraat 75
(X) GROOTDRINK
8803

23 Oktober 2023 OF 23 Oktober 2023**(X)**

Mnr. D. Jantjies
Die Bestuurder
Die Kontreiwinkel
Posbus 123
SPRINGBOK
8240 **(X)**

Geagte Meneer (Jantjies) **(X)**

AANSOEK OM BETREKKING **(X)** *(Toepaslike inhoudsopskrif)*

Inleidingsparagraaf: Ek doen aansoek om die pos van ontvangspersoon/administratiewe beampte✓ soos geadverteer in Die Burger✓ op 22 Oktober 2023.✓
XXXXXXXXX
Paragraaf 2: Noem enige 3 kwalifikasie(s) – sowel akademies as persoonlik – wat jou geskik maak vir die pos. Verwys veral na die behoeftes van die werkgewer soos in die advertensie verwoord bv. georganiseerd, vriendelik, pligsgetrou, Nasionale Sertifikaat, ens.✓✓✓
XXXXXXXXX
Paragraaf 3: Verwys na aangehegte dokumentasie, bv. CV, getuigskrifte, sertifikate, ens.✓✓
XXXXXXXXX
Paragraaf 4: Noem beskikbaarheid en bereidheid vir 'n onderhoud✓
XXXXXXXXX
Slotparagraaf: Welwillendheid✓ bv. Dankie vir u vriendelike oorweging van my aansoek.

Die uwe **(X)**
Handtekening } **(X)**
NAAM/VOORLETTERS EN VAN }

ASSESSERINGSKAAL

TAAL EN STYL (6 PUNTE)	**6** **Uitstekend** **(80%+)**	Teks is GRAMMATIKAAL akkuraat; sinne **uitstekend** gekonstrueer/saamgestel. WOORDESKAT is **heeltemal** toepaslik vir die doel van die teks, gehoor en konteks. STYL, TOON EN REGISTER **heeltemal** toepaslik. LENGTE is **heeltemal** in ooreenstemming met vereistes.
	5 **Baie goed** (**70- 79%)**	Teks is GRAMMATIKAAL akkuraat; sinne **baie** goed gekonstrueer/saamgestel. WOORDESKAT is **meestal** toepaslik vir die doel van die teks, gehoor en konteks. STYL, TOON EN REGISTER is **meestal** toepaslik. LENGTE is **meestal** in ooreenstemming met vereistes.
	4 Goed **(60 – 69%)**	Teks is GRAMMATIKAAL maklik om te lees; sinne **goed** gekonstrueer/saamgestel. WOORDESKAT is **toepaslik** vir die doel van die teks, gehoor en konteks. STYL, TOON EN REGISTER **toepaslik**. LENGTE is in ooreenstemming met vereistes.
	3 **Gemiddeld** **(50–59%)**	Teks is GRAMMATIKAAL **verstaanbaar** TEN spyte van foute; sinne is voldoende saamgestel. WOORDESKAT is **voldoende** vir die doel van die teks, gehoor en konteks. STYL, TOON EN REGISTER **voldoende**. LENGTE is amper korrek.
	2 **Onder-gemiddeld** **(40 – 49%)**	Teks het GRAMMATIKAAL **verskeie foute**; sinne is eenvoudig maar so saamgestel dat dit **amper sin maak**. WOORDESKAT is **beperk** en **soms onvanpas** vir die doel van die teks, gehoor en konteks. STYL, TOON EN REGISTER **toon gebreke**/leemtes. LENGTE is te kort/te lank.
	1-2 **Onder-gemiddeld/tot swak** **(30 – 39%)**	Teks is GRAMMATIKAAL swak en moeilik om te volg; **sinne is swak geformuleer.** WOORDESKAT **onvoldoende**, benodig remediëring en is nie toepaslik vir die doel van die teks, gehoor en konteks nie. STYL, TOON EN REGISTER is **ontoepaslik**. LENGTE is te kort/te lank
	0–1 **Swak** **(00–29%)**	INHOUD wemel van grammatikafoute; **sinne is uiters swak geformuleer.** WOORDESKAT **benodig ernstige remediëring** en is nie toepaslik vir die doel van die teks, gehoor en konteks nie. STYL, TOON EN REGISTER **heeltemal ontoepaslik**. LENGTE is heeltemal te kort of te lank.

(20)

VRAAG 1.2: CURRICULUM VITAE (CV)

- Dit bevat besonderhede oor die aansoeker se loopbaan, kwalifikasies en ervaring asook getuigskrifte en referente.
- Dit moet by die aansoeker se omstandighede en die doel waarvoor dit gebruik gaan word, pas.
- Dit moet op die advertensie wat in vraestel verskyn, fokus.
- Dit word in blokvorm en netjies aangebied.

INHOUD (24)

- 6 opskrifte, elk met toepaslike inhoud. Sien elke opskrif met die meegaande inhoud uit 'n punt tussen 4 en 0 na:

  4 = **gedissiplineerde**, gefokusde inhoud, **alle** besonderhede ondersteun die opskrif
  3 = **behou** fokus, **geringe** afwykings/weglatings
  2 = inhoud plek-plek **vaag**, **heelwat** weglatings/afwykings
  0-1 = inhoud **totaal onvanpas**, **baie min** besonderhede ondersteun die onderwerp

FORMAAT (3)

- Word negatief nagesien.
- Let op NETHEID, DUIDELIKE OPSKRIFTE, BLOKFORMAAT en LESERS-VRIENDELIKE UITLEG
- Vir elke fout word 1 punt afgetrek tot 'n maksimum van 3.

TAAL (3)

Sien volgens die aangehegte assesseringskaal na.

TAAL EN STYL **(3 PUNTE)**	**3**	Teks is GRAMMATIKAAL akkuraat; **uitstekend** gekonstrueer/saamgestel. WOORDESKAT is **heeltemal** toepaslik vir die doel van die teks, gehoor en konteks. STYL, TOON en REGISTER **heeltemal** toepaslik. LENGTE is **heeltemal** in ooreenstemming met vereistes
	2	Teks het GRAMMATIKAAL **geringe** foute; is egter voldoende gekonstrueer/saamgestel. WOORDESKAT is voldoende vir die doel van die teks, gehoor en konteks. STYL, TOON EN REGISTER voldoende. LENGTE is korrek.
	1	Teks het GRAMMATIKAAL **verskeie foute**; eenvoudig maar dit maak sin. WOORDESKAT **soms onvanpas** vir doel van die teks, gehoor en konteks. STYL, TOON EN REGISTER toon gebreke. LENGTE is effe te kort/te lank.
	1-0	INHOUD **wemel van** grammatikafoute. WOORDESKAT benodig **ernstige remediëring** en is nie toepaslik vir die doel van die teks, gehoor en konteks nie. STYL, TOON EN REGISTER **heeltemal** ontoepaslik. LENGTE is **heeltemal** te kort/te lank.

VOORBEELD: (✓ = aanduiding van inhoud)

CURRICULUM VITAE VAN (NAAM)

PERSOONLIKE BESONDERHEDE

Lys jou naam en van, adres, kontakbesonderhede, geboortedatum, ID-nommer, nasionaliteit, rybewys en taalbevoegdheid in blokvorm, bv.

NAAM: Susan Coetzee
ADRES: Kerkstraat 75, GROOTDRINK 8804
TELEFOONNOMMER: 058 123 2762
(Sien BYLAE vir inligting wat studente nog kan byvoeg)
ENIGE VIER ✓✓✓✓

OPLEIDING/KWALIFIKASIES

Noem die kwalifikasie(s) wat jy behaal het; begin by die mees onlangse. Noem die instansie waar jy die kwalifikasie ontvang het, die jare wat jy daaraan gewerk het, die presiese kwalifikasie wat jy bereik het

Kollege	Prestige Kollege, Kimberley
	Slaag NSB (Kantooradministrasie) Vlak 4 (2021) ✓✓
Graad 12	Hoërskool Kimberley (2019) ✓✓

ERVARING

Noem die werkervaring wat jy reeds opgedoen het. Noem WAAR jy die ervaring opgedoen het, WAT jou pligte was, WANNEER jy daar gewerk het en WIE in beheer was.

Junie tot Julie 2022	Verkoopsdame by Fochini, Springbok✓✓
Pligte	Hulp aan klante, verkope, sortering van produkte op rakke✓✓

TWEE GETUIGSKRIFTE (Geen adres, slegs instansie en posisie)

1. Pastoor Niemand
   VGK
   Springbok✓✓

2. Mnr. C. Howard
   Kampushoof
   Kimberley Kollege✓✓

VERWYSINGS

Noem TWEE kontakbare verwysings. Gee die persoon se naam en van, posisie, volledige adres en telefoonnommer(s). (2 × 2)

Voorbeeld:
Mnr. S. Ntene
Bestuurder
Fochini
SPRINGBOK
Tel: 041 932 5622 Sel: 083 111 8800

Referent 1:✓✓
Referent 2:✓✓

VERKLARING

Ek verklaar dat die bogenoemde inligting na die beste van my wete korrek en volledig is.✓✓

HANDTEKENING✓
DATUM✓ (30)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANGER FUNKSIONELE EN REFLEKTIEWE SKRYFWERK

VERPLIGTE VRAAG

VRAAG 2.1: RESENSIE

RIGLYNE VIR INHOUD EN FORMAAT (18 PUNTE)

(120 – 180 woorde)

- Daar moet 'n interessante opskrif wees en verwys na die titel van die film of reeks
- Daar moet 'n kort inleiding wees waar 'n positiewe of negatiewe mening reeds uitgespreek word.
- Daar moet na die tema en intrige verwys word.
- Die regissering en toneelspel moet geresenseer word.
- Daar moet ook na tegniese elemente van die film/reeks verwys word (bv.: beligting, kamerskote, klank, agtergrond ens.)
- Noem enkele feite oor die inhoud.
- Gee 'n kort beskrywing van akteurs en die rolle wat hulle vertolk
- Daar moet kommentaar gegee word of die film goed aangebied is en dit moet deur bewyse ondersteun word. Gee jou persoonlike mening.
- Daar moet 'n kort opsomming in finale paragraaf wees.
- Daar moet 'n aanbeveling wees: wie behoort na die film of reeks te kyk en wie nie?

Sien volgens die aangehegte ASSESSERINGSKAAL A op bladsy 10 na

INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT: 18 PUNTE
TAAL EN STYL: 12 PUNTE

Sien volgens die aangehegte ASSESSERINGSKAAL A op bladsy 10 na.

(30)

2.2 KOERANTARTIKEL

- 250 - 350 woorde.
- Die inhoud van die artikel moet in SUBJEKTIEWE taal geskryf word.
- Daar moet 'n interessante opskrif wees.
- Daar moet ‘n inleiding, inhoud en slot wees.
- Student MOET met sy/haar siening oor die onderwerp begin.
- In eerste of derde persoon geskryf.
- Daar moet feite en statistieke wees om standpunte te ondersteun.
- Oorredende**,** taal **subjektiewe emosionele** word gebruik maar moet op 'n partydige manier aangebied word.
- Die leser moet oorreed voel om saam te stem.

INHOUD EN BEPLANNING: 28 PUNTE
TAAL, STYL EN REDIGERING: 7 PUNTE
FORMAAT: 5 PUNTE (40)

Sien volgens die aangehegte ASSESSERINGSKAAL B op bladsy 11 en 12 na.

OF

VRAAG 2.3: KOERANTBERIG

- 250 - 350 woorde.
- Die inhoud van die berig moet OBJEKTIEF en FEITELIK wees.
- Feite of inlgting word in 'n koerantberig gegee.
- Die titel vat die onderwerp saam.
- Daar moet ‘n inleiding, inhoud en slot wees.
- Die eerste paragraaf gee antwoorde op wie, wat, waar, wanneer?
- Die omgekeerde piramide-struktuur word gevolg.
- Die joernalis moet **objektief / feitelik** wees in beriggewing.
- Die berig word in die bedrywende vorm geskryf en die woorde/taal moet eenvoudig/maklik verstaanbaar en interessant wees. Die teikengroep moet dus in gedagte gehou word. Skryf in die derde persoon.
- Die styl is eenvoudig.
- Direkte rede (aanhalings) skep geloofwaardigheid.
- Die slotparagraaf bind die berig saam

INHOUD EN BEPLANNING: 28 PUNTE
TAAL, STYL EN REDIGERING: 7PUNTE
FORMAAT: 5 PUNTE (40)

Sien volgens die aangehegte ASSESSERINGSKAAL B op bladsy 11 en 12 na.

[70]

TOTAAL AFDELING B: 70
GROOTTOTAAL: 120

ASSESSERINGSKAAL A: (30)

VRAAG 2.1 (Resensie)

KRITERIA	Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
	15–18	**11–14**	**8–10**	**5–7**	**0–4**
INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT Respons en idees; organisering van idees vir beplanning; doel, gehoor, kenmerke/konvensies en konteks **18 PUNTE**	- Respons **uitsonderlik**, bo verwagting - Idees intelligent en volwasse - Grondige kennis van kenmerke van die soort teks - Skryfwerk behou fokus - Samehang in inhoud en idees - Idees behoorlik uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun - Gepaste en akkurate formaat -	- Respons **baie goed** en demonstreer goeie kennis van kenmerke van die soort teks - Behou fokus; geen afwyking nie - Samehang in inhoud en idees; baie goed uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun - Gepaste formaat met onbeduidende foute	- Respons **voldoende** en toon voldoende kennis van kenmerke van die soort teks - Nie heeltemal gefokus nie; enkele afwykings - Redelike samehang in inhoud en idees - Sommige detail ondersteun die onderwerp - Formaat oorwegend gepas, maar met enkele foute	- Basiese respons toon **geringe kennis** van kenmerke van die soort teks - Aanduiding van fokus, maar met afwykings - Inhoud en idees nie altyd samehangend nie - Min detail ondersteun die onderwerp - Nodige reëls van formaat vaagweg toegepas - Kritieke foute begaan	- Respons **toon geen kennis van kenmerke** van die soort teks nie - Betekenis onduidelik met bie afwykings - Geen samehang van idees en inhoud nie - Baie min detail ondersteun die onderwerp - Nodige reëls van formaat nie toegepas nie
	10–12	**8–9**	**6–7**	**4–5**	**0–3**
TAAL, STYL EN REDIGERING Toon, register, styl, woordeskat geskik vir doel en konteks; taalgebruik en konvensies; woordkeuse; punktuasie en spelling **12 PUNTE**	- Toon, styl, register en woordeskat hoogs geskik vir doel, gehoor en konteks - **Grammatika akkuraat en goed** gekonstrueer - Feitlik foutloos	- Toon, styl, register en woordeskat baie geskik vir doel, gehoor en konteks - Grammatika oor die **algemeen korrek** en goed gekonstrueer - Baie goeie woordeskat - Oorwegend foutloos	- Toon, styl, register en woordeskat is geskik vir doel, gehoor en konteks - **Enkele grammatikafoute** - Voldoende woordeskat – - Foute belemmer nie betekenis nie	- Toon, styl, register en woordeskat minder geskik vir doel, gehoor en konteks - **Grammatika onakkuraat met etlike foute** - Basiese woordeskat - Betekenis belemmer	- Toon, styl, register woordeskat stem nie ooreen met doel, gehoor en konteks nie - **Besaai met foute en verwarrend** - Woordeskat nie geskik vir doel nie - Betekenis ernstig belemmer

Kopiereg voorbehou

ASSESSERINGSKAAL B (40):

VRAAG 2.2 (Koerantartikel)
OF
VRAAG 2.3 (Koerantberig)

40 PUNTE	**Uitmuntend 80–100%**	**Verdienstelik 70–79%**	**Beduidend 60–69%**	**Voldoende 50–59%**	**Matig 40–49%**	**Basies 30–39%**	**Ontoereikend 0–29%**
INHOUD EN BEPLANNING **28 PUNTE**	**24 - 28** - Inhoud wys treffende begrip **van onderwerp.** - Idees uitdagend en volwasse. - Beplanning en/of eerste poging lei tot gepaste teks. -	**20-24** - **Deeglike interpretasie van onderwerp**. - Idees interessant en verbeeldingryk - Beplanning en/of eerste poging lei tot redelike, gepaste teks.	**16 - 20** - **Goeie interpretasie van onderwerp**. - Idees interessant en oortuigend. - Beplanning en/of eerste poging lei tot redelike, gepaste teks.	12 - 16 - **Voldoende interpretasie** van onderwerp - Idees gewoon en diepte ontbreek. - Beplanning en/of eerste poging lei tot redelike, gepaste teks.	**8- 12** - **Gewoon met leemtes** in samehang. - Idees meestal relevant, herhalend. - Beplanning en/of eerste poging lei tot gemiddelde, koherente en verstaanbare teks.	**4 - 8** - **Inhoud dikwels onverstaanbaar.** - **Gebrek** aan samehang. - Idees is min en dikwels herhalend. - Onvoldoende beplanning en/of eerste poging - Teks nie goed aangebied nie. -	**0-4** - **Inhoud nie ter sake nie**. - Geen samehang nie. - Idees verwarrend. - Beplanning en/of eerste poging ontbreek heeltemal - Swak teks.
TAAL, STYL EN REDIGERING **7 PUNTE**	**6–7** - Toon kritiese **taalbewustheid.** - Effektiewe gebruik van taal en punktuasie. - Maak van figuurlike taal gebruik. - **Woordkeuse** is toepaslik/uitmuntend. - Styl gee akkurate weergawe van onderwerp d.m.v. woordkeuse. - Teks feitlik foutloos na proeflees en redigering. - **Subjektiewe taal vir 2.2** - **Objektiewe taal vir 2.3**	**6** - Enkele tekens van kritiese taalbewustheid. - Taal en punktuasie redelik onder beheer, kan figuurlike taal gebruik. - Woordkeuse meestal geskik. - Styl gee geskikte weergawe van onderwerp d.m.v. woordkeuse. - Teks meestal foutloos na proeflees en redigering.	**5** - Beperkte bewyse van kritiese taalbewustheid. - Taal en punktuasie meestal korrek. - Woordkeuse is redelik beperk, maar gepas vir teks. - Styl redelik toepaslik en voldoen aan vereistes vir onderwerp. - Redelik foutloos na proeflees en redigering.	**4** - 'n Aanduiding van kritiese taalbewustheid. - Taal baie eenvoudig, punktuasie voldoende. - Woordkeuse effens beperk, maar voldoende vir onderwerp. - Styl bietjie in ooreenstemming met vereistes vir onderwerp - Teks het steeds foute na proeflees en redigering.	**3** - Taal beperk en punktuasie dikwels foutief. - Woordkeuse basies en beperk. - Styl toon gebrek aan samehang en nie geskik vir onderwerp nie - Teks het steeds baie foute na proeflees en redigering.	**2** - Gebrekkige taal en punktuasie. - Woordkeuse baie beperk. - Styl, pas nie by onderwerp nie. - Teks is besaai met foute ten spyte van proeflees en redigering	**0–1** - Ernstige gebrek aan taal en punktuasie. - Woordkeuse is verwarrend. - Styl gebrekkig in alle opsigte. - Teks is besaai met foute en verwarrend ten spyte van proeflees en redigering.

Kopiereg voorbehou

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V4
(Tweede vraestel)

	5	**4**	3	2	**1-2**	**0-1**	**0**
FORMAAT **5 PUNTE**	- **Ontwikkeling van onderwerp** samehangend met verbeeldingryke detail. - **Sinne & paragrawe samehangend** saamgestel, dra betekenis goed oor. - Lengte is korrek.	- Ontwikkeling van onderwerp logies. **Samehangend.** - **Sinne** & paragrawe geskik saamgestel, betekenis is duidelik. - Lengte is korrek.	- Ontwikkeling van net 'n paar relevante details. - Sinne & paragrawe **redelik saamgestel**, betekenis is duidelik. - Lengte is korrek.	- Onderwerp bevat sommige idees, - Noodsaaklike detail ingesluit. - Sinne & paragrawe **toon leemtes**, maar betekenis is duidelik. - Lengte is amper korrek.	- Daar is bewys van ontwikkeling van sommige noodsaaklike idees. - Sinne & paragrawe foutief, maar **betekenis is duidelik.** - Lengte is te kort/te lank.	- **Dwaal soms van onderwerp af**, algemene gedagtegang moeilik om te volg. - Sinskonstruksie en paragrafering baie elementêr. - Lengte is te kort/te lank.	- Afgedwaal van die onderwerp. - Sinskonstruksie en paragrafering deurmekaar en ondeurdag. - Lengte is heeltemal te kort/te lank. - **Heeltemal ontoereikend**

Kopiereg voorbehou